*Woensdag* **18**

**SKRIFGEDEELTE: 1 TIMOTEUS 4:6-16**
**FOKUSGEDEELTE: 2 TIMOTEUS 1:5; 3:15**

**Ds. Timoteus – Die jong predikant van Efese**

Om in ’n gelowige familie groot te word, is ’n groot voorreg en genade. Timoteus (sy naam beteken: Prys God) het in ’n godveresende gesin opgegroei. Sy ma, Eunice, en sy ouma, Loïs, was Joodse gelowiges wat hom van kleins af in die skrifwaarhede onderrig het (2 Tim. 1:5).

Paulus beklemtoon die opvoeding deur gelowige ouers en grootouers as hy Timoteus opskerp en hom daarop wys wie hom die Skrif van kleins af geleer het (2 Tim. 3:14, 15). Vandag kan ons praat van die groot waarde vir kinders as ouers die doopbelofte nakom. Die doopbelofte hou in dat ouers hulle kinders van kleins af in die Skrif en belydenis sal onderrig en laat onderrig. Dat gesinne saam om die Woord sal wees en in gebed tot God nader. Die verbondsonderrig van kinders is baie belangrik.

Daar was ’n besondere verhouding tussen Paulus en Timoteus. Hy noem Timoteus sy seun en “my eie kind in die geloof” (1 Tim. 1:2). As jong man moes Timoteus as predikant die bediening in die wêreldstad Efese behartig. Daarom bemoedig Paulus hom vir sy werk. Timoteus moet himself oefen in die geloof sodat hy in toewyding aan God kan leef tot voorbeeld vir die lidmate. Om dit reg te kry, moet sy oog gevestig wees op die lewende God, wat die Verlosser is deur sy Seun Jesus Christus (1 Tim. 4:16).

’n Gelowige, al is jy nog jonk, kan en moet vir ander ’n voorbeeld wees. ’n Lewensvoorbeeld in die praktyk van die alledaagse lewe op alle terreine, met woord en daad, mond, hande en voete, in geloof, in liefde en ’n rein lewenswandel. Onthou woorde wek, maar voorbeelde trek.

Die Here leer ons deur die lewe van Timoteus om Hom daagliks beter te leer ken deur ons persoonlike Bybelstudie en gebed. Dank God vir gelowige ouers. Ouers, kom julle doopbelofte na. Gelowige broers, susters en kinders, wees daders van die Woord elke dag daar waar die Here jou geplaas het.

*Sing: Psalm 33:10, 11*

*Ds. W (Willem) Vogel (Cachet)*